Viking Jerseys verskaf suiwer Skandinawiese Jersey genetika aan suiwelboere wat gesonde, doeltreffende koeie nastreef en konstant effektief produseer. Hierdie genetika word ondersteun deur dekades se betroubare data.

1 UITKRUIS

Uitkruis voordeel – sterker en gesonde kuddes

Viking Jerseybulle verskaf waardevollle **uitkruis genetika** wat suiwelboere in staat stel om **inteling te beheer** in hul kuddes. Dit geld vir suiwer teling sowel as in kruisteelprogramme. Met geen risiko van inteling op Amerikaanse en Kanadese bloedlyne nie, is hierdie bron 'n uitstekende keuse om **genetiese diversiteit** en **langtermyn gesondheid** in jou kudde te verseker.

2 VRUGBAAR

Vrugbaarheid waarop jy kan staat maak

Viking Jerseys is die leiers wêreldwyd op vrugbaarheid. Konsepsie syfers van 63% op verse, 55% op koeie en 'n 95% kalfoorlewing op 1ste laktasies (97% op 2 de en ouer koeie) verseker meer koeie in kalf, minder komplikasies en 'n effektiewe hoë produserende kudde.

3 100% SUIWER GETEEL

Sewe generasies van suiwer geteelde puik Jerseys

Alle Viking Jerseys is **100% suiwer geteel**. Dit verseker 'n uitstekende fondasie vir 'n hoë prestasie winsgewende suiwelboerdery. Hierdie langtermyn doelwitte verseker konstante resultate, sterk gesondheidseienskappe en betroubare melkkwaliteit. Geen genetiese defekte soos JH1 word toegelaat in die VikingJersey teel program nie.

4 WINSTE VERSEKER

Voeromsettings doeltreffendheid wat winste verseker

Met Viking Jersey - genetika kan jy die volle potensiaal van effektiewe voeromsetting benut. Bespaar en verminder jou omgewingsvoetspoor. Gebruik top Viking Jerseybulle en verminder jou droëmateriaal-inname met 75 tot 150 ton per jaar vir 'n 1000 koei kudde. Behaal hierdie resultate sonder om produksie, gesondheid en vrugbaarheid prys te gee.

5 97% TEELWAARDE

Betroubare data

Ons teelwaardes is ontwikkel oor 50 jaar met die hulp van gesondheids en prestasierekords verkry van kuddes in Denemarke, Swede en Finland. 97% van alle Jersey koeie se data is ingesluit in die databasis wat dit een van die wêreld se mees omvattende en deursigtigstes maak. Die resultaat, beproefde genetika wat wêreldprestasies behaal.

VIKINGGENETICS
innovative breeding

5 reasons for choosing

VikingHolstein Genetics

VikingHolstein brings you trusted Nordic Holstein genetics — backed by decades of real-world data — for farmers who value healthy, fertile, and efficient cows that stay productive year after year.

1 EFFICIENCY

Unmatched reproductive efficiency — with fewer straws required

VikingHolstein cows set the industry standard for fertility — with strong reproductive performance achieved naturally, **without hormonal synchronization protocols**. With conception rates of 63% in heifers, 50% in cows, and a 96% calf survival rate, 1st lactation (98% in 2nd and later lact.), you need **fewer semen straws** to secure your replacement animals, advance your herd's productivity and bottom line.

2 OUTCROSS

Outcross advantage – more resilient, healthier herds

VikingHolstein sires offer valuable **outcross genetics**, helping you **avoid inbreeding** in your herd — whether you are breeding within Holstein lines or using crossbreeding programs. VikingHolstein breeding program carefully **controls inbreeding levels** and **prioritizes genetic diversity** by drawing from a wide range of **high-quality genetic lines** on both sides of the pedigree. All VikingHolstein sires are **tested for all common genetic disorders**, making them a reliable source of resilient, healthy, and high-performing Holstein genetics.

3 PROFIT

Cows built to last – healthy, medium-sized, profitable

Unlock the full potential of your herd with long-lasting VikingHolstein cows that deliver **high lifetime production** while keeping costs low, spanning everything — from feed and veterinary care to labor hours and herd replacement. Thanks to their **natural disease resistance** VikingHolsteins require **minimum antibiotic use**. The unique combination of superior health, exceptional reproduction, medium size and a proven ability to produce **milk high in fat and protein** makes them the most profitable and sustainable choice.

4 FEED EFFICIENT

Feed efficiency you can count on

Optimize feed conversion rates with VikingHolstein genetics - cutting costs and reducing your environmental footprint. VikingGenetics' **Cattle Feed Intake System** (CFIT) captures live, daily data on individual cows' feed intake — full lactation, entire lifetime, whole herd — from cows genetically close to today's reference animals, setting the standard for breeding more feed-efficient, high-performing, and climate-friendly cows. VikingHolstein sires can now deliver remarkable efficiency gains — saving **up to 176,000 kg of dry matter intake per year** in a 1,000-head herd — without compromising milk production, health, and fertility.

5 TRUST

Data you can trust

Our breeding values are grounded in over **50 years of health and performance records** from commercial herds in Denmark, Sweden, and Finland. With large-scale data coverage, VikingHolstein genetics are built on one of the world's most complete and transparent cattle databases — driving **proven farm-level gains** and achieving consistent results in production herds. This long-term commitment drives herd profitability through robust health traits, premium milk quality, and genetically diverse cows that perform across generations. M&H

VIKINGGENETICS
innovative breeding

5 redes waarom jy
Holstein-genetika van Viking moet gebruik

VikingGenetics verskaf betroubare Holstein - genetika (uit Skandinawië) wat ondersteun word deur dekades se betroubare data. Suiwelboere wat streef na gesonde, vrugbare en doeltreffende koeie, kan met groot sukses hierdie gentika gebruik.

1 EFFEKTIEF

Ongeëwenaarde vrugbaarheid – hoë konsepsies

Viking Holstein stel die standaard vir vrugbaarheid met uitstekende konsepsies, **sonder die gebruik van hormonale sinkronisasie progamme en middels**. Die konsepsiesyfers van gemiddeld 63% vir verse, 50% vir koeie en 'n 96% kalfoorlewing vir 1ste laktasie kalwings (98% vir 2 de laktasies en ouer koeie), stel suiwelboere in staat om vervangingsdiere baie meer ekonomies te verseker.

2 UITKRUIS

Uitkruis voordeel – hoër weerstand, gesondheid

Viking Holsteins bied bulle met waardevolle **uitkruisgenetika** om **inteling makliker** in beheer te hou. Die Viking Holstein-teelprogram **beheer intelingsvlakke** noukeurig en **prioritiseer genetiese diversiteit** deur uit 'n wye reeks **hoë gehalte genetiese lyne** aan weerskante van die stamboom te put. Alle Holstein bulle word getoets vir **genetiese afwykings**.

3 PROFYT

Koeie met uitstekende lanklewendheid – gesonde medium raam koeie vir maksimum winsgewendheid

Vir meer as 4 dekades word hoë druk deur middel van hul teeldoelwit, op gesondheidseienskappe en ook doeltreffendheid wat voeromsetting aan betref, geplaas. Dit word onderskryf deur "Interbull "data betreffende die uiters hoë genetiese vlakke van Viking Holsteins vir algemene gesondheid en vrugbaarheid. Danksy hul **natuurlike weerstand teen siektes** benodig hierdie populasie **minimale antibiotika** gebruik. Hoë produksie van hoë vastestof melk geproduseer deur vrugbare koeie van medium grootte dra by tot uiters goeie winsgewendheid. Viking Holsteins, die mees volhoubare en winsgewendste keuse.

4 VOEROMSET-TING

Voeromsettings- doeltreffendheid - akkuraat gemeet

Viking Genetics se " **Cattle Feed Intake System** (CFIT)" versamel daagliks data van koeie se gewig, produksie en voerinname. Dit word gedoen deur 'n kamera - sisteem wat byna elke sekonde vir 24 uur dwars deur die jaar, fotos neem en sodoende betroubare data aanteken. Meer as 30 000 van hiedie kameras is bokant koeie geïnstalleer en verseker data wat Viking nie net die leiers maak op die gebied nie, maar hulle ook instaat stel om nou reeds betroubare teelwaaardes in die verband vir hul bulle te ontwikkel. Dit dra verder by om bulle aan suiwelboere beskikbaar te stel wat meer doeltreffende koeie sal teel en sodoende bydra om boere meer winsgewend melk te laat produseer. Hierdie nuutste navorsing en resultate kan 'n 1000 koei kudde **meer as 175 ton droëmateriaal jaarliks spaar**. Die nuwe teelwaarde staan bekend as die "SAVED FEED INDEX".

5 BETROUBAAR

Betroubare data

Die teelwaardes is oor **50 jaar ontwikkel en data** oor gesondheid en produksie is verkry van kommersiële kuddes van Swede, Denemarke en Finland. Viking Holsteins genetika is ontwikkel uit een van die wêreld se mees deursigtigste en omvattendste databasisse. Dit verseker **konstante en beproefde winste** in produksiekuddes. Hierdie langtermyn teeldoelwitte verseker winsgewendheid veroorsaak deur gesondheidseienskappe, hoë produksie en geneties diverse koeie wat konstant oor generasies heen presteer en resultate verseker. M&H

Hanna Driscoll, Product Manager for VikingHolstein at VikingGenetics

INTRODUCING THE NORDIC METHANE INDEX

NEW NORDIC METHANE INDEX TO REDUCE COW EMISSIONS BY 20%

Breeding cows that permanently emit less methane is now a reality thanks to the brand-new Methane Index developed by VikingGenetics, SEGES Innovation and Aarhus University.

VikingGenetics, in collaboration with SEGES Innovation and Aarhus University, is proud to announce the launch of the **Nordic Methane Index** with the release of the breeding values for May 2025.

This groundbreaking development marks a significant milestone in the dairy industry's efforts to breed cows that **naturally emit less methane**. The new index will contribute to more sustainable and future-friendly dairy farming.

Scientific studies have shown that 20% of a cow's methane production can be attributed to her genetics. This means that by selecting and breeding cows with favourable genetic traits, cattle's methane emissions can be **reduced by 20%**.

Starting from the May 2025 proof run, methane breeding values will be calculated for all **VikingHolstein bulls** born after 2008. The methane indices for **VikingJersey** and **VikingRed** animals will be released in 2026.

Reliable data from commercial herds is the key

Identifying cows genetically predisposed to emitting less methane required significant research in a field where no data were previously available. The Methane Index results from extensive research by, among other research projects, the Danish ONIMIT project sponsored by VikingGenetics, GUDP and Mælkeafgiftsfonden.

The researchers behind ONIMIT utilised **methane sniffers** to take thousands of measurements from the same cows over time, exchanging methane data with other countries to **enhance the accuracy** of their findings. This resulted in the **world's first breeding values based on direct measurements of methane concentration**.

"**Sniffer technology** allows us, and dairy farmers, to measure cows' methane output with low-cost tools that can be **installed on a large scale** in **commercial herds** without disturbing the cows' routine," says Helen Schneider, PhD, Postdoc at Aarhus University's Center for Quantitative Genetics and Genomics, one of the developers of the Nordic Methane Index.

"In the long term, this will enable the dairy industry to capitalise on genetics to significantly mitigate the environmental footprint of dairy cattle, without harming milk production," she adds.

A permanent, significant effect

The Nordic **Methane Index** is based on pioneering work in genetic research into methane production. Nordic scientists were among the first to measure cattle emissions and link them to genetics, collecting over **16,000 measurements from individual cows** using methane sniffers.

While feed additives like Bovaer have a noticeable effect on cows' emissions, the effect is only temporary. On the

other hand, the effect of **breeding** is **permanent** and **increases with every generation**.

Jan Lassen, PhD, Senior Project Manager at VikingGenetics, explains, "The Methane Index does not mean that a cow will stop producing methane from 2026; it's a **long-term solution**. With the new index, by 2035 – 2040, we'll achieve the same effect we get by adding Bovaer now, but the changes in cows will be forever."

Advanced methods were developed to account for variations in methane production over time, and future studies will evaluate how cows' milk and rumen microbiome data can support the sniffer results.

Feed efficiency also reduces methane

In addition to the Nordic Methane Index, Nordic breeders also use feed efficiency, through the **Saved Feed Index**, to indicate which bulls they should use to breed more **sustainable cows**.

Research indicates that up to 12% of a cow's energy is spent producing methane, and, due to the nature of cows' rumen, feed intake is a considerable part of this. This means that the better your cows' **feed efficiency** and **optimised diet** are, the **less methane** your herd will emit.

With these two indices in their breeding arsenal, farmers will now have **two outstanding tools** available to help them facilitate more **efficient**, **profitable**, and **sustainable** dairy production.

Breeding for efficient, sustainable dairy farming

Methane emissions from cows are one of the most pressing challenges for dairy farming's **green transition**. Publishing the **Methane Index** is another step for breeders toward this goal.

However, before breed associations can incorporate methane reduction into their goals, policymakers must clarify the financial incentives to facilitate a smooth **incorporation into the breeding goal**. Governments must decide whether breeding for less methane should be part of farmers' climate accounts or if they should receive subsidies toward it.

At VikingGenetics, we are committed to supporting dairy farmers in **integrating methane reduction** into their breeding goals, without affecting production and other traits. This will make it a natural part of their efforts to breed more **efficient**, **profitable**, and **sustainable dairy cows**. M&H

GETUIGSKRIF

PREEKSTOEL BOERDERY

Preekstoel Boerdery teel reeds meer as 35 jaar met Viking Jersey genetika !

Heibrie en Tienie Durr

Tienie Durr is aan die stuur van die Jerseykudde naby Malmesbury in die Wes Kaap. Tienie en sy broer Barry bestuur die boerdery wat bestaan uit 'n melkery (volvoersisteem) en 'n graanvertakking. Hul seuns vorm nou ook deel van die onderneming wat nog steeds groei.

"Viking Genetics se teelbeleid, wat uitgebeeld word deur hul "Nordic Total Merit (NTM)" ekonomiese waardestelsel, was uit die staanspoor vir my genoeg motivering waarom ek hul genetika moes gebruik. Hul het reeds in die vroeë tagtigs hul klem verskuif na gesondheidseienskappe. Dit was inteenstelling met die res van die wêreld wat bly vasklou het aan tipe en produksie. Die Dene het dit reggekry om hul vastestofproduksie te verhoog sonder om hul prioriteite van gesonde koeie agterweë te laat. In my stelsel is die welvaart van die koeie en dus lanklewendheid, van uiterste belang. Die akkuraatheid van die data is ewe indrukwekkend en kan slegs verkry word op die wyse wat hulle te doen. Die populasie van meer as 70 000 koeie word ten volle benut om akkurate data te verkry. Ek is meer as tevrede met wat ek tot dusver kon verrig. Die Viking lande se nasionale produksie gemiddeld van 7600 kg melk en bottervet van 5.95% is ongeëwenaard" aldus Tienie.

Die Preekstoel gemiddeld soos verkry van die melkverskaffer vir die laaste 12 mnde is as volg:

1150 koeie : 7500 kg melk 5.50% bottervet en 4.15% proteïen.

Genimex wil graag Tienie en sy span hartlik gelukwens met 'n uitstekende kudde. Ons is saam met julle trots op hierdie resultate en het groot waardering vir jul ondersteuning!

VALIDATING GENOMIC PROOFS

Dairy farmers can trust genomic breeding values as a reliable tool to make smarter breeding decisions, improve herd health and performance, and achieve consistent genetic progress generation after generation.

Genomic selection has fundamentally changed dairy breeding, providing farmers and breeders worldwide with **younger and higher-ranking genetics** to improve their herds.

In the Nordic countries, app. **98% of bulls used for AI are genomic bulls**. This widespread adoption allows farmers to achieve **faster genetic progress** and utilize younger genomic top sires to improve the next generation of cows.

Table 1: % genomic bulls used for AI in Denmark

% genomic bulls for AI	2015	2020	2025
VikingHolstein	88	95	98
VikingJersey	90	99	99

VikingGenetics' breeding programs place **strong confidence in genomic breeding values**. Supported by extensive data from the **Nordic cattle data** system, these genomic breeding values are highly reliable, providing farmers with a solid foundation for making informed breeding decisions.

A key question for breeders is the **reliability of genomic proofs**: **How well do they predict the future performance of a bull's daughters?**

At VikingGenetics, we continuously validate genomic breeding values by comparing genomic proofs of young bulls with the actual daughter proofs obtained once the bulls become daughter-proven.

The genomic breeding values for the traits in the Nordic Total Merit Index (NTM) have, on average, a reliability of **65-80% for VikingHolstein bulls** and **50-70% for VikingJersey**, with lower reliabilities on health traits and higher reliabilities on production traits.

Graph 1: Reliability of genomic breeding values for the traits in the Nordic Total Merit index (NTM)



Analysis of VikingHolstein and VikingJersey bulls shows a strong correlation between genomic and daughter-proven values. While genomic proofs are available from birth, daughter proofs become available only after a bull has a sufficient number of daughters with recorded performance.

Below you can see the results for genomic bulls born in 2019 and 2020, having sold the most doses in South Africa during their genomic career. Note that in Nordic countries, we have a rolling base, meaning that NTM drops 4 units per year for Holstein and 3 units per year for Jerseys.

Table 2: Top 5 selling VikingJersey bulls born 2018-2020, with genomic NTM when semen was sold and actual Daughter proofs

Jersey Bull	Birth year	Genomic NTM in 2021 (when semen was sold)	Daughter proof NTM 2025	Expected level and the difference Expectation is a drop of 12 units (4 years x 3 units)	Comments
VJ Jojo	2019	**+29**	**+19**	+17 (+2)	A little better than expected
VJ Jake	2019	**+24**	**+28**	+12 (+16)	Much better than expected
VJ Domino	2019	**+28**	**+17**	+16 (+1)	As expected
VJ Lando	2019	**+19**	**+4**	+7 (-3)	Lower than expected
VJ Splash	2020	**+28**	**+30**	+16 (+14)	Much better than expected

Table 3: Top 5 selling VikingHolstein bulls born 2018-2020, with genomic NTM when semen was sold and actual Daughter proofs

Holstein Bull	Birth year	Genomic NTM in 2021 (when semen was sold)	Daughter proof NTM 2025	Expected level and the difference Expectation is a drop of 16 units (4 years x 4 units)	Comments
VH Nader	2019	**+39**	**+21**	+23 (-2)	As expected
VH Newstar	2019	**+31**	**+21**	+15 (+6)	Much better than expected
VH Ascari	2019	**+31**	**+20**	+15 (+5)	Better than expected
VH Belland	2018	**+28**	**+24**	+12 (+12)	Much better than expected
VH Cascade	2020	**+34**	**+8**	+18 (-10)	Much lower than expected

In general, the bulls have performed as expected or better, with one exception in both breeds.

Comparisons demonstrate that bulls selected based on high genomic NTM tend to maintain their relative ranking once their daughters' results are available, confirming the **accuracy** and **predictive power of genomic selection**.

Genomic selection not only **accelerates genetic progress** but also ensures that breeding decisions contribute to **the long-term goal of healthier, profitable, and sustainable cows**.

The Nordic experience shows that **farmers can trust genomic proofs**, knowing that they provide a reliable foundation for improving the herd generation by generation.

Farmers use genomic information not only to select young sires but also as a management tool within the herd. By breeding high genetic merit females with **sexed semen** and low genetic merit females with **beef semen**, farmers can **accelerate genetic improvement** and increase the herd's profitability.

With the detailed genomic information on both females and bulls, farmers are able to **select the high genetic merit bulls** to match the heifer or cow's strengths and weaknesses. This results in cows that are healthier, more productive, and ultimately more profitable.

To conclude, genomic selection enables faster genetic improvement, enabling farmers to build healthier, more productive, and profitable herds. VikingGenetics' **reliable genomic breeding values**, validated by Nordic cattle data, allow confident selection of top bulls and effective herd management, ensuring **long-term progress** and **sustainability**. M&H

GETUIGSKRIFTE

VAN NIEKERK BOERDERY BK, CALEDON

Viking Jerseys vir volhoubaarheid!

Wimpie van Niekerk se teeldoelwit is om 'n kudde te vestig wat volhoubaar winste kan lewer deur melk te produseer waarvoor daar 'n vraag is in die mark.

"Jerseys van medium grootte en funksionele tipe is vir my belangrik. Ons melk ons eerste 100 dae koeie op 'n volvoersisteem en die res op weidings. Dit is dus belangrik dat gesondheidseienskappe soos vrugbaarheid, uiergesondheid, bene en hoewe hoë prioriteit moet geniet. Die Deense model bied juis dit vir ons en ons is uiters tevrede met die vordering wat ons tot dusver gemaak het."

Wimpie en Jané van Niekerk

Die boerdery word bestuur deur die twee broers, Willie en Eben asook hul seuns Wimpie en Niekie. Willie het in die vroeë tagtigs die kudde begin met 12 Jersey en 6 Ayrshire koeie. Die kudde is sedertdien geslote en het gegroei tot 'n 500 koei kudde. Die kudde se afgelope jaar se produksie is as volg:

6742.9 kg melk 5.26% bv en 4.01 % prot.

*Hulle gebruik tans die bulle **VJ Sedum en VJ Jumbo**. Wimpie is onlangs aangewys as die **"Meester Suiwelboer, medium grootte kuddes van die LNR"**. **Baie geluk aan die Van Niekerks ! Dit is vir Genimex 'n eer om deel van julle suiwelspan te wees!***

LAMONTANARA

Vlnr: Marius Fourie, Heidie Fourie, Rohan Steyl, Karla Steyl, Eckard Leicher (Snr), Eckard Leicher (Jnr)

Lamontanara: Trotse familiebesigheid

Eckard Leicher (snr) en sy familie boer met Jerseys op die plaas Lamontanara net buite Ashton in die rigting Swellendam.

Eckard kom na sy studies in 1984 plaas toe maar laat sy pa Dieter mooi verstaan dat hy niks met die 5 Holstein koeie te doen wil he nie. Stadig maar seker raak hy al meer betrokke by die melkery en begin Jerseys aankoop. Nadat hy 'n kaasmakerskursus bygewoon het begin hy sy eie kaasfabriek en bemark sy produkte aan Woolworths.

Op 'n dag hou hy vergadering met sy seun, 2 dogters en skoonseuns en bied hulle die geleentheid aan om by die besigheid betrokke te raak. Geld het hy nie, maar geleenthede is daar baie.

Tans melk hulle so by die 1100 Jerseys op 2 plase. So 850 op Lamontanara en so plus minus 240 op die weidingsplaas wat hulle laat in 2025 bygekoop het. Koeie kry 13% protein pille teen 240g/lt in die stal. Op Lamontanara word 'n TMR buite gevoer wat bestaan uit kragvoer, mielie-, hawer- en lusernkuilvoer. Stalgemiddeld is so 23lts/koei met 'n Bv% van 5.4% en Prot% van so 4%.

Slegs Deense genetika word gebruik van die top bulle met die hoogste NTM omdat Eckard (Jnr) besef dat hulle 'n baie betroubare stelsel het met die hoogste vastestowwe in die wêreld en baie klem lê op vrugbaarheid, kuddegesondheid en langslewendheid. Jy maak nie noodwendig die meeste geld uit koeie met top produksies nie, maar uit gebalanseerde koeie wat gesond is en 4 laktasies plus in jou kudde bly.

LACTIMAR

Lactimar, meer as 30 jaar vennootskap met Genimex en Viking!

Dian Landman is aan die stuur van hierdie suiwelboerdery naby Eersterivier in die Tsitsikamma. Die onderneming bestaan uit vier plase wat elkeen as 'n eenheid bestuur word. Die kuddes bestaan uit een Jerseykudde en drie gemengde kuddes van Jerseys, Holsteins en kruiskoeie. Sy Pa, Daan Landman het die kudde gevestig in 1982 en was tot ongeveer 2023 deel van die dag tot dag besluitnemings.

Dian Landman

"Dit is vir ons belangrik om koeie te teel wat by die veranderende toestande van die Tsitsikamma kan aanpas. Uiters nat of droë toestande en ver loopafstande, kan baie hard op koeie wees en daarom is eienskappe soos been en hoefgesondheid van kardinale belang. Om 'n balans te handhaaf tussen hoë produksie en hoë vastestowwe is nie maklik nie en daarom is betroubare data as basis, ononderhandelbaar. Met my besoek aan Denemarke is dit die een aspek wat my onmiddelik opgeval het. Die Deense model word gerugsteun deur direkte akkurate en betroubare inligting verkry vanaf die suiwelboer, veeartse asook hoefgesondheidsorganisasies. Uiergesondheids - indekse word bepaal deur resultate van fisiese mastitis gevalle en nie slegs somatiese seltellings nie. Elke koei wat se hoewe behandel word, se simptome en behandellings word opgeneem in die databasis."

'n Verdere aspek wat hoog op die prioriteitslys is, is vrugbaarheid. Dian het 'n paar jaar gelede seisoenale dekkingspraktyke geïmplemeteer. Dit plaas hoë druk op die vrugbaarheid van vroulike diere. Die kudde behaal uitstekende resultate en dragtigheidsdoelwitte word gereeld bereik. Sy onlangse resultate met geslags-bepaalde semen op verse van 'n meer 59% konsepsie, spreek boekdele. In 2025 het hulle 65% in kalf op 6 weke behaal.

Dian was in 2023 aangewys as die **"Jong die Boer van die jaar" van die Oos Kaap**. Die kudde presteer uitstekend op die "Dairy Juction" groep en lê jaarliks onder die top 10 van meer as 100 kuddes.

Nogmaals baie geluk Dian, ons is trots op jou en jou span en is gereed om al die uitdagings van suiwelteelt saam met jou aan te pak.

LEEURIVIER

Etienne Zeeman

Etienne Zeeman boer op die plaas Leeurivier naby Swellendam in die Suid Kaap met Jerseys.

In 2002 begin hy melk met so 60-80 koeie waarvan die meeste huurkoeie was. Soos die hektare wingerd en vrugte minder geword het, is meerjarige gras/klawer/lusern weidings aangeplant onder permanente besproeiing en die kudde uitgebrei tot so 400 koeie tans in melk. Koeie is 24uur per dag op weidings. Die enigste ruvoer wat hulle kry is aangekoopte garsstrooi na melking tot hulle weer weidings toe gaan.

10% Kragvoer word gevoer teen 300 - 350gram/lt melk. Melkproduksie wissel so tussen 18 en 21lt per dag afhangend van die seisoen en kwaliteit van die weidings.

Etienne se teelbeleid is baie eenvoudig! Sedert 2002 word slegs Deense genetika gebruik omdat hy glo die Dene het die mees betroubaarste stelsel in die wêreld uit 'n groot populasie Jerseys met 40jaar plus se syfers in verband met reproduksie en gesondheid, tot hul beskikking. Die vordering in sy kuddegesondheid/reproduksie word gesien in die feit dat hy al 6 uit 8 keer die trofee van LNR vir beste kudde SST gewen het en word hy deur LNR gereken as 'n model kudde. Hy kies die bul met die hoogste NTM waarde sonder om inteling % te verhoog en gebruik die bul dan swaar deur die hele kudde {1000 -1200 strooitjies) om 'n inpak in sy kudde te maak. Daar is geen kuddebul op die plaas nie en hy glo dat 'n koei wat goed genoeg is om gemelk te word, verdien die beste genetika.

Etienne deel graag sy kennis, idees en syfers met mede produsente en is altyd bereid om na nuwe idees te luister en dit te beproef!

Aangeheg is 'n opsomming van sy syfers van 2025

Bv%	Prot%	Sst	Bak	C/lt
6.02 Hoogste	4.46 Hoogste	118 422 Laagste	19 073 Laagste	942.89 Hoogste
5.42 Gem	4.19 Gem	136 134Gem	24 124Gem	868.43 Gem

OUDEWAGENDRIFT BOERDERY

Oudewagendrift Boerdery ontwikkel 'n stelsel en kudde om op trots te wees.

Peini, sy seun Heini en broer Johan staan aan die stuur van hierdie onderneming naby Worcester in die Wes Kaap. Hulle het hierdie historiese familieplaas ontwikkel in 'n moderne melkplaas met 'n koeibehuisingstelsel wat 1750 koeie akkommodeer.

Wat dit interessant maak is dat in plaas daarvan om kruisteling toe te pas, gebruik hulle suiwer Jerseys en Holsteins om te produseer wat die mark wil hê. Die kudde bestaan uit 790 Jerseys en 900 Holsteins in die melk.

Die produksierekord vir die afgelope jaar is besonders! Die ontledings soos verkry van die melkkoper vir die afgelope 12 maande se lewerings, is as volg:

Gemiddeld. 4.58 % bottervet en 3.95% proteïen - vir totale jaar produksie (beide rasse saam).

Gemiddelde produksie Jerseys : 24.5 L/DAG – 790 koeie.

Gemiddelde produksie Holsteins : 32.5 L/DAG – 900 koeie.

Peini, Heinrich en Johan Naude

"Die stelsel waarop ons is, vereis dat jy moet streef na die beste in alle fasette. Genetika moet gekies word wat 'n kudde benodig om die hoë stres en produksie vlakke te hanteer. Die Skandinawiese model, waar gesondheids -eienskappe reeds dekades hoë prioriteit geniet, pas ons stelsel soos 'n handskoen. Nie alleen is hulle die leiers op die gebied nie, maar bied hulle ook die mees betroubare ontledings en indekse vir die eienskappe wat vir ons so belangrik is nie. Uiersgesondheid, vrugbaarheid, bene en hoewe asook die produksie van hoë volumes van hoë kwaliteit melk, bly die belangrikste redes waarom koeie meer lanklewend sal wees. Die **"Saved Feed"** indeks wat onlangs deur Viking ontwikkel is, is 'n verdere uitstekende hulpmiddel vir ons. Die indekse bewys dat kleiner koeie met 'n laer inname soms net so veel kan produseer as groter en swaarder koeie. Die wyse waarop hierdie indekse ontwikkel is, is indrukwekkend en akkuraat" Aldus Peini.

Daar is meer as 180 dogters van die bul **VH Nader** in die kudde. VH NADER (7900 dogters in sy ontleding) spog met 'n **"Saved Feed" indeks van 118!**

Baie geluk aan die die Naude's, julle kan voorwaar trots wees. Ons waardeer jul ondersteuning oor baie jare en wens julle alle voorspoed toe.

MALUTI JERSEYS

As al my Jerseykoeie kon praat, sou dit heel waarskynlik met 'n Deense aksent wees. Alhoewel hulle voorvaders uit Denemarke kom, is hulle fantasties aangepas vir Suid Afrikaanse toestande. By Maluti Jerseys melk ons op 'n "TMR" voedingstelsel. Met die regte voeding en relatiewe hoë produksies, bly die vet en proteïene hoog. Ek kan nie onthou dat vir die afgelope paar jaar ons proteïene en vet persentasies al onder 3.97 en 4.95 onderskeidelik was nie. Dit help nogal in 'n sukkelende melk ekonomie vir 'n goeie melkprys. Dankie aan Chris en sy Genimex span dat ons hierdie uitstekende kudde kon bou. Ons grootste uitdagings gaan in die toekoms wees om die Staatsbeheerde siektes van die plaas weg te hou. Julle moet lekker melk.

Jan en Dudley Russouw

VIKINGGENETICS
innovative breeding

Feed efficiency data that sets the standard



- VikingGenetics' **Cattle Feed Intake System (CFIT)** captures **live, daily data from every cow in the herd throughout all her lactations**.
- We follow each **cow's entire lifetime** — from first to last lactation — **in real time**.
- Data comes from **cows genetically close to today's reference animals** — not performance records from years ago.

Relevance to modern herd conditions and highly reliable results